



Wiskunde:

Kitsreken

Spoedtoetse: I

Graad 7








- Skryf die korrekte antwoorde so vinnig as moontlik neer.
- Hou 'n horlosie byderhand en skryf elke keer die tyd neer wat dit jou geneem het om die aktiwiteit klaar te maak.
- Jy mag 'n sakrekenaar gebruik waar dit vir jou so aangedui word.
- Wees so akkuraat moontlik in die minste moontlike tyd.
- Sien dit as 'n goeie hersienings oefening en geniet!

56

Verskillende soorte driehoeke

Hersien

1. Benoem die volgende driehoeke.

- a) 
- b) 
- c) 
- d) 
- e) 

2. Beskryf die volgende soorte driehoeke en hoeke.

- a) Skerphoekige driehoek:
- b) Stomphoekige driehoek:
- c) Inspringende hoek:
- d) Regte hoek:
- e) Gestrekte hoek:


59

Benoem en beskryf dele van 'n sirkel

1. Pas die woorde by die korrekte beskrywing deur die letter langs die beskrywing te skryf.

Deel van 'n sirkel	Beskrywing
a) Radius	1. Die koord wat deur die middelpunt gaan.
b) Koord	2. Die lynsegment wat twee punte op die rand van 'n sirkel verbind.
c) Middellyn	3. Die afstand rondom die rand van die sirkel.
d) Boog	4. 'n Deel van 'n sirkel
e) Omtrek	5. Die lyn vanaf die middelpunt tot by die rand van die sirkel



1. Is elk van die volgende vorms getransleer, geroteer of gereflekteer?



a)




b)




c)

d)





e)

f)



g)

h)



i)

j)




62

Eienskappe van vorms

Uitdaging

1. Sê of die volgende stellings waar (W) of onwaar (O) is.
 - a) 'n Vierkant het twee simmetrielyne.
 - b) 'n Gelykbenige driehoek kan twee stomphoeke hê.
 - c) Elke hoek van 'n reëlmatige seshoek (heksagoon) is 60°
 - d) 'n Vierkant is 'n spesiale reghoek.
 - e) Die hoeklyne van 'n vlieër halveer mekaar teen regte hoeke.
 - f) 'n Reghoek is 'n parallelogram.
 - g) 'n Reëlmatige vyfhoek (pentagoon) het vyf simmetrielyne.
 - h) 'n Veelhoek het vier of meer sye.
 - i) 'n Ruit het vier simmetrielyne.
 - j) 'n Driehoek kan slegs een skerphoek hê.



1. Kyk noukeurig na die diagramme hierbo en vul die bypassende net en naam vir elke 3D-voorwerp in.


3D-voorwerp	Net	Naam van 3D-voorwerp
a)		
b)		
c)		
d)		
e)		

72 Omtrek


1. Bereken die omtrek van elk van die volgende vorms.

- a) 'n Driehoek met sye 16 cm, 12 cm en 8 cm:
- b) 'n Vierkant met sye 1,7 m:
- c) 'n Reghoek met sye 95 cm en 35 cm:
- d) 'n Gelyksydige driehoek met sye 70 mm:
- e) 'n Vierhoek met sye 4 m, 6 m, 3 m en 9 m:


2. Bereken die omtrek van elk van die volgende vorms.



- a)
- b)



- c)
- d)



- e)

73 Oppervlakte

1. Bereken die oppervlakte van elk van die volgende vorms.

- a) 'n Reghoek met lengte 3,7 m en breedte 1,9 m
- b) 'n Driehoek met hoogte 18 cm en basis 24 cm
- c) 'n Vierkant met sye 5,8 m
- d) 'n Reghoek met lengte 15,7 m en breedte 750 cm
- e) 'n Driehoek met basis 30 cm en hoogte 200 mm

2. Bereken die oppervlakte van die volgende vorms.

